

Titel: Kom Ons Gaan Saam
Spreker: Heinrich Titus
Datum: 10 Oktober 2010
Tyd: 09:00



Die sending

Markus 6:7-10

⁷En Hy het die twaalf na Hom geroep en hulle twee-twee begin uitstuur en het hulle mag gegee oor die onreine geeste, ⁸en hulle bevel gegee om niks vir die pad saam te neem nie as net 'n stok alleen — geen reissak, geen brood, geen geld in die beurs nie, ⁹maar skoene aan die voete; en: Julle moet nie twee kledingstukke aantrek nie. ¹⁰En Hy het vir hulle gesê: Waar julle ook al in 'n huis mag kom, bly dáár totdat julle daarvandaan vertrek.

“Hulle het uitgegaan”

Markus 6:11-13

¹¹En almal wat julle nie ontvang of na julle luister nie, gaan daarvandaan weg en skud die stof onder julle voete af tot 'n getuienis teen hulle. Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir Sodom of Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad. ¹²En hulle het uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes bekeer. ¹³En hulle het baie duiwels uitgedryf en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak.

“...en hy het saam met hom gegaan”

Markus 5:21-24

²¹En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see. ²²En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer ²³en smee Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe. ²⁴En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring.